


# DIE ONAFHANKLIKE MEDIAKOMMISSIE

Die Onafhanklike Mediakommissie is gestig in belang van 'n vrye en billike verkiesing met die doel om alle TV- en radiostasies te moniteer en toe te sien dat die uitsaaiers alle politieke partye regverdig behandel.

Die Kommissie moniteer ook Staatsgefinansierde publikasies en Staatsinligtingsdienste regdeur Suid-Afrika, die tuislande en selfregerende gebiede om seker te maak dat Staatshulpbronne nie aangewend word om die belange van enige politieke party te bevorder nie.

Die Onafhanklike Mediakommissie bestaan uit hoogs gekwalifiseerde persone wat hoë aansien in die gemeenskap geniet. Hulle verteenwoordig ook 'n breë deursnit van die bevolking. Die liggaam is onafhanklik van die regering of enige politieke party.

Die Kommissie sal openbare verhore hou om klagtes te ondersoek en beskik oor die mag om stappe te doen teen enigiemand wat die Wet oortree.

As u enige rede het om te vermoed dat u party nie regverdig behandel word nie, neem die saak na u politieke party en verteenwoordiger wat dit na die Onafhanklike Mediakommissie kan verwys vir 'n ondersoek.

Tolvrye Nommer : 0800 112 004.

ONAFHANKLIKE MEDIAKOMMISSIE

821257/A